Midstream Ridge
Excellentia

Respek
Respect

Authentic
Oorspronklik

Kreatief
Creative

Entoesiasme
Enthusiastic

Responsibility
Verantwoordelikheid

# ⭐ Sterre ⭐

**Jare se harde werk in die krieketnette het beslis paaltjies laat spat en lopies laat vloei. Baie geluk aan ons krieketspanne met 'n uiters suksesvolle krieketseisoen.**



# Uit die Hoof se Kantoor

2022..... Voorwaar 'n uitdagende jaar met te veel suksesse om op te noem. 'n Jaar wat ons vir verskeie redes met groot dankbaarheid laat, maar grootliks omdat ons dit fisies oorleef het. Ons dink nou anders oor die seëninge in ons lewens; oor Kersfees en wat hiérdie feesseisoen alles vir ons en ons naasbestaandes bring. Die skool is geweldig trots op ons kinders, ouers en personeel. Sonder elkeen se bydrae sou die uitkoms aansienlik verskil. Die harde werk wat tydens die Covid-tye geskied het, lewer steeds vir ons vrugte. Ons dank ons Hemelse Vader, elke kind en ouer. Hiérdie is wat *Midstream Ridge Laerskool* sterk en uniek maak. Geseënde Kersfees aan ieder en elke Ridge-lid. Moenie jul geliefdes as vanselfsprekend aanvaar nie. En moenie vergeet om jouself erkenning vir hierdie suksesvolle jaar te gee nie.

## MRP HERWINNING

Baie dankie aan elkeen wat ons so entoesiasties ondersteun om herwinning by die skool te implimenteer. Gedurende die afgelope vier weke sedert ons die projek begin het, het ons die volgende herwin:

**385 kg wit papier (ons mik vir 1 ton!)**
**74 kg bokse**
**7 kg No1 PET sagte plastiek (plastiese bottels)**
**66 kg ou boeke, koerante en tydskrifte**

Voorwaar fenominale statistieke!

**INTERESSANTE FEITE:**

Een boom word gebruik om min of meer 16 rieme papier te produseer. Dus word 25 bome vir die produksie van 1 ton papier afgekap, MAAR met herwinning van elke ton papier kan ons 17 bome red. Die herwinning van papier kan lei tot die bewaring van 'n hele woud.




## INLIGTING

- PROGRAM: 28 NOV TOT 7 DES !
- KALENDER 2023 !
- WEGSPRING 2023 GR. 2 - 7
- UNIFORMWINKEL VAKANSIETYE
- BOEKBESTELLINGS
- CAPRIOLE STALLE PONIEKAMP
- RIDGE HARMONICS (SNR KOOR)